

# VETERINARY SCIENCE VEEARTSENYKUNDE

## WHAT IS VETERINARY SCIENCE?

Veterinary Science is a biomedical science, which serves the health interests of farm animals, companion animals, wildlife and humans alike. As such, it deals with the prevention, diagnosis and treatment of animal diseases, the production of safe food and, through the control of diseases transmitted from animals to humans, the health of human beings. The Faculty of Veterinary Science of the University of Pretoria is the only Faculty in the country that offers the BVSc (Veterinary Science) degree programme.

## GENERAL INFORMATION

Prospective students who aim to obtain the BVSc degree should apply for admission to the first year BSc (Veterinary Biology) degree programme in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences of the University of Pretoria.

## DURATION OF COURSE

The 3-year BSc (VetBio) degree serves as a direct precursor for the 4-year professional degree in veterinary science offered at the Onderstepoort campus of the University of Pretoria. Candidates will be required to first complete the BSc component. Selection to the third year of study of BSc (Veterinary Biology) will take place at the end of the second year as the number of places in the third year of study of BSc (Veterinary Biology) is limited.

## ADMISSION REQUIREMENTS FOR BSc (VETERINARY BIOLOGY)

Admission requirements to BSc (Veterinary Biology) include a minimum achievement level of 4 (50-59%) in the subjects Afrikaans or English, one Additional Language, Mathematics, Physical Science, Life Orientation plus three other subjects. The Admission Point Score (APS) required is 30. Keep in mind that Life Orientation is excluded when calculating APS. The BSc (Veterinary Biology) degree is a minimum entry requirement for the BVSc degree programme.

Although it is preferable to complete the first year of study at the University of Pretoria, candidates may elect to complete the first year elsewhere. In this instance, the onus will be on the candidate to submit proof of the equivalence of modules (courses) completed in relation to content and scope. The Faculty of Natural and Agricultural Sciences can be approached for the evaluation of the content of such modules before registering for the degree programme at another University.

## THE VETERINARY COMPONENT: BVSc

The professional four-year programme is only offered at the Faculty of Veterinary Science of the University of Pretoria at the Onderstepoort campus on a full-time basis. The language of tuition in this Faculty is English. A well-developed student support system is in place including mentoring, tutoring, didactic support and medi-

## WAT IS VEEARTSENYKUNDE?

Veeartsenykunde is 'n biomediese wetenskap wat tegelyk die gesondheidsbelange van plaasdiere, troeteldiere, wildlewe en mense op die hart dra. Opsigself hou dit verband met die voorkoming, diagnose en behandeling van dieresiektetoestande, die produksie van veilige voedsel, en die gesondheid van die mens deur siektes te beheer wat van diere na mense oorgedra kan word. Die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria is die enigste Fakulteit in die land wat die BVSc (Veeartsenykunde) graadprogram aanbied.

## ALGEMENE INLIGTING

Voornemende studente wat die BVSc graad wil verwerf moet aansoek doen vir toelating tot die eerste jaar van die BSc (Veterinêre Biologie) graadprogram in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe van die Universiteit van Pretoria.

## DUUR VAN KURSUS

Die 3-jaar BSc (VetBio) graad dien as direkte voorloper vir die 4-jaar professionele graad in veeartsenykunde wat by die Onderstepoort-kampus van die Universiteit van Pretoria aangebied word. Van kandidate word vereis om eers die BSc-komponent te voltooi. Keuring vir die derde jaar van studie in die BSc (Veterinêre Biologie) sal aan die einde van die tweede jaar plaasvind omdat die getal plekke in die derde jaar van studie vir die BSc (Veterinêre Biologie) beperk is.


## TOELATINGSVEREISTES VIR BSc (VETERINÊRE BIOLOGIE)

Toelatingsvereistes tot BSc (Veterinêre Biologie) sluit 'n minimum prestasievlak van 4 (50-59%) in die vakke Afrikaans of Engels, een Addisionele taal, Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Lewensoriëntering en drie ander vakke in. Die vereiste Toelatingspunte (TPT) is 30. Let daarop dat Lewensoriëntering uitgesluit is wanneer die TPT bereken word. Die BSc (Veterinêre Biologie) graad is 'n minimum toelatingsvereiste vir die BVSc graadprogram.

Alhoewel dit verkieslik is dat die eerste jaar van studie by die Universiteit van Pretoria voltooi word, mag kandidate die keuse uitoefen om die eerste jaar elders te voltooi. In hierdie geval sal die onus op die kandidaat rus om bewys te lewer van die modules (kurse) wat voltooi is in verhouding tot inhoud en omvang. Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe kan genader word vir die evaluering van die inhoud van sodanige modules voor registrasie vir die graadprogram by 'n ander Universiteit.

## DIE VETERINÊRE KOMPONENT: BVSc

Die professionele vier-jaar program word slegs op voltydse basis by die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria se Onderstepoort-kampus aangebied. Die onderrigtaal in die Fakulteit is Engels. 'n Goed ontwikkelde studente-ondersteuningstruktuur is in plek, insluitend raadgevende dienste, studieleiding, didaktiese



# VETERINARY SCIENCE VEEARTSENYKUNDE

cal and psychological counseling. The minimum entry requirement for BVSc is a BSc (Veterinary Biology) degree or other equivalent qualification.

## SELECTION OF APPLICANTS

A total of 135 students will be admitted to the programme. The Faculty endeavours to meet the veterinary needs of the country and the specific requirements of higher education legislation through selection of applicants. The recruitment and selection process is therefore structured in such a way that will reflect national demographics and Government policy.

A limited number of foreign students may be admitted to the programme. Equivalency of academic credits will be taken into account. Candidates who have already completed any BSc degree and who wish to be considered for BVSc, first have to complete the third year of the BSc (Veterinary Biology), provided they have equivalent modules that are required for admission to that level.

Completion of the degree programme provides the graduate with a broad-based training with an expanding elective programme to cater for specific interests. It will also allow the holder entry into a number of postgraduate study programmes. On receipt of the BVSc degree, the new graduate is entitled to register with the South African Veterinary Council as a veterinarian. Registration with the South African Veterinary Council is a prerequisite to practice as a veterinarian in South Africa.

## CAREER OPPORTUNITIES

Veterinary Science offers rewarding and wide-ranging employment opportunities for the new graduate. The majority of veterinarians in the country are gainfully employed in private practice, either in their own practice, in partnership, as an assistant or as a locum.

There are several avenues of private practice: rural practice providing veterinary services to the livestock farmer (cattle, horses, sheep, goats, pigs, poultry and game); companion animal practice (dogs, cats, horses, cage birds etc.) and mixed practice (pets and farm animals). The services provided by the private practitioner include clinical services, disease prevention strategies, advice and a whole range of consultative services on nutrition, management, production, reproduction, bio-technology (embryo transfer), etc. Some practices are species-specific (dogs, cats and small pets, cattle, horses), whereas others offer services across specie-barriers and also cater for wildlife and exotic animals.

## OTHER CAREER FIELDS INCLUDE:

Private practice; Research; Academia: Teaching; State Veterinary Services; Private, State and Provincial Diagnostic Laboratories; Veterinary Public Health; Commerce; Consultancy; Wildlife Management; Animal Welfare; International employment.

ondersteuning en mediese en sielkundige berading. Die minimum toegangsvereiste vir BVSc is 'n BSc (Veterinêre Biologie) graad of ander gelykwaardige kwalifikasie.

## KEURING VAN AANSOEKERS

'n Vasgestelde getal studente, naamlik 135, word tot die program toegelaat. Die Fakulteit poog in sy keuring van kandidate om aan die veeartsenykundige behoeftes van die land en die spesifieke vereistes van Hoër Onderwyswetgewing te voldoen. Die werwings- en keuringsproses is gevolglik op so 'n wyse gestruktureer dat dit die nasionale demografie, en Regeringsbeleid sal reflekteer.

'n Beperkte aantal buitelandse studente kan tot die program toegelaat word. Gelykwaardigheid van akademiese krediete word hier in ag geneem. Kandidate wat alreeds enige BSc graad voltooi het en wat graag vir die BVSc graad oorweeg wil word, sal eers die derde jaar van die BSc (Veterinêre Biologie) graad moet voltooi, op voorwaarde dat hulle die vereiste gelykwaardige modules voltooi het vir toelating tot daardie vlak.

Voltooiing van die graadprogram verskaf omvattende opleiding aan die graduant met 'n uitgebreide elektiewe program om na spesifieke belange om te sien. Dit sal ook aan die graduant toelating verleen tot 'n verskeidenheid nagraadse studieprogramme. Deur verwerwing van die BVSc graad, is die nuwe gegradueerde geregtig om by die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad as veearts te registreer. Registrasie by die Raad is 'n voorvereiste om as 'n veearts in Suid-Afrika te praktiseer.

## BEROEPSMOONTLIKHEDE

Veeartsenykunde bied bevredigende en wye beroepsmoontlikhede aan die gegradueerde. Die meerderheid veeartse in die land word voordelig aangewend in privaatpraktyk, of in eie praktyke, in vennootskap, as assistent, of as 'n waarnemende veearts.

Daar is verskeie beroepsrigtings binne die privaatpraktyk: landelike praktyk waardeur veeartsenykundige dienste aan die lewendehaweboer voorsien word (beeste, perde, skape, bokke, varke, pluimvee en wild); geselskapdiere-praktyk (honde, katte, perde, voëls). Die dienste wat deur die privaatpraktisyn verskaf word sluit kliniese dienste, siektevoorkomingstrategieë en advies in, asook 'n wye reeks konsultasiedienste oor voeding, bestuur, produksie, reproduksie, en biotegnologie (embrio-oordrag). Sommige praktyke is spesies-georiënteer (honde, katte, perde, beeste en klein troeteldiere), terwyl ander dienste lewer buite bepaalde spesieverband en ook beskikbaar is vir wildelewe en eksotiese diere.

## ANDER BEROEPSVELDE:

Privaatpraktyk; Navorsing; Akademie; Onderrig; Staatsveeartsenykundige dienste; Privaat-, staat en provinsiale diagnostiese laboratoria; Veterinêre Openbare Gesondheid; Handel; Konsulterend; Wildbestuur; Dierewelsyn; Internasionale indiensneming.

